Kultuur: Nederlands Vlaamse Dagboek in Suid Afrika

-eind April/MEI 2010

Klipper Amsterdam sal vanaf 26 – 30 April in die Kaapse hawe area geanker staan.

Die geleentheid staan in die teken van die einde van die reis wat 'n heruitvoering is van die oorspronklike historiese reis van die HSM Beagle, die skip wat Charles Darwin gebruik het in sy omswerwing van die wereld (1831 – 1836). Op die Klipper Stad Amsterdam, word bekende wetenskaplikes, kunstenaars en ander gaste gehuisves wat weer, so als destyds, op soek is na leidrade van evolusie in ons hedendaagse wereld. Die reis van die 79 meter lang en hoe skip is gedokumenteer in 'n TV program. Die produsie was die resultaat van samewerking tussen Nedelandse VPRO en die Belgiese maatskappy CANVAS. In Suid Afrika kan die program gesien word op DSTV op die BVN kanaal, Sondae aande. Besoek www.stadamsterdam.com of volg die skip aanlyn op www.beagle.vpro.nl

Arts Flanders is 'n opwindende e-pos nuusbrief wat informasie bevat van die kunste in Vlaandere asook internasionaal. Die nuusbrief is die initiatief van ses Vlaamse kulturele organisasies. Besoek www.artflanders.be vir meer inligting en om 'n gratis in te skryf.

In samewerking met KKNK Oudstshoorn en die Baxter Teater in Kaapstad bied die Teater kollektief van Amsterdam, *The Glasshouse* 'n hedendaagse hiphopera genaamd **AFRIKAAPS** aan. Die Hiphop digter, Jitsvinger, Jazz pianis Kyle Shepherd, sanger/digter Blaq Pearl en kunstenaar Emile Jansen asook andere volg die voetspore van die oorsprong van Afrikaans vanaf die 1600s tot vandag. In hiphop styl gaan die kunstaanrs op 'n missie om die verhaal te vertel van Afrikaans, 'n taal van vereniging. Afrikaaps is geredigeer deur die Suid Afrikaan, Catherine Henegan. Tans woon sy is in Amsterdam.
Afrikaaps is deel van die INTERACTIONS SA – NL program.